# KRUISGENOOT


6 Julie 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM

# Dankbaarheid

## Filippense 1:12-26



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

| | | |
|---|---|---|
| 6 Julie | - | Danyèl Bernard |
| 6 Julie | - | Estelle Cilliers |
| 6 Julie | - | JJ Lourens |
| 7 Julie | - | Christa Stewart |
| 8 Julie | - | Chantell Swanepoel |
| 11 Julie | - | Betsie Smit |
| 11 Julie | - | Susan Smit |
| 12 Julie | - | Monique De Jager |
| 12 Julie | - | Ansie Du Pisanie |

# bid



**Oostenryk**: Ons werk in 'n sekulêre samelewing waar kerke lede verloor en migrasie die geestelike landskap verander. Bid vir ons uitreikwerk onder jongmense, vlugtelinge en diegene met spesiale Bybelbehoeftes.

**Italië**: Bid vir ons werksaamhede om Bybelbetrokkenheid te bevorder. Bid vir wysheid om eenheid onder die verskillende denominasies te bring en vir effektiewe uitreikwerk deur interkerklike materiaal en aktiwiteite.

**Duitsland**: Ons werk in 'n sekulêre samelewing waar die Bybel min gelees word. Bid vir leiding met die vertaling en verspreiding van Bybelmateriaal, die ontwikkeling van vakkundige uitgawes en innoverende maniere om belangstelling in die Bybel te skep

# DANKBAARHEID

Om dankbaarheid te toon het so baie voordele – fisies, verstandelik en emosioneel – dat almal dit deel van hulle daaglikse lewe behoort te maak.

Volgens ’n artikel in die Harvard Mental Health Letter “is daar ’n sterk en volgehoue verband tussen dankbaarheid en groter geluk. Dankbaarheid help mense om positiewer gevoelens te hê, goeie ondervindinge te geniet, hulle gesondheid te verbeter, probleme te hanteer en sterk verhoudings op te bou.”

Die Bybel spoor ons aan om ’n dankbare gesindheid aan te kweek. Paulus, wat ’n goeie voorbeeld hierin gestel het, het geskryf: “Toon dat julle dankbaar is.” Byvoorbeeld, hy het ‘God onophoudelik gedank’ omdat mense goed gereageer het op die boodskap wat hy aan hulle verkondig het (Kol 3:15; I Tes 2:13). Dit verskaf ons blywende geluk as ons nie net nou en dan dankie sê nie, maar eerder ’n dankbare gesindheid het. Dit help ons om nie te voel dat ons op alles geregtig is nie en om nie jaloers of gegrief te wees nie, want dit sal mense van ons vervreem en ons van ons vreugde in die lewe beroof.

Ons Skepper het self ’n goeie voorbeeld gestel en dankbaarheid betoon – selfs aan blote mense! Heb 6:10 sê: “God is nie onregverdig sodat hy julle werk sal vergeet en die liefde wat julle vir sy naam getoon het [nie].” Ja, ons Skepper beskou dit as onregverdig as iemand ’n gebrek aan dankbaarheid toon.

“Wees altyd bly. Betuig dank in verband met alles.” – I Tes 5:16, 18.

Wanneer ons opreg dankie sê – vir ’n geskenk, vriendelike woorde of praktiese hulp – laat ons die persoon wat dit gee, voel dat hy of sy vir ons kosbaar is en dat ons hom of haar waardeer. Selfs vreemdelinge reageer goed wanneer mense hulle opreg bedank vir ’n goeie daad, soos om ’n deur oop te hou.

“Gee altyddeur”, het Jesus Christus gesê, “en mense sal vir julle gee. Hulle sal ’n goeie maat, ingestamp, geskud en oorlopend, in julle skoot stort” (Luk 6:38). Kyk na die ondervinding van Rose, ’n dowe meisie in Vanuatu, ’n eilandgroep in die Stille Suidsee.

Rose het die Christelike byeenkoms bygewoon, maar sy het min daarby baat gevind omdat nie sy of enigiemand anders in die gemeente gebaretaal geken het nie. ’n Egpaar wat gebaretaal goed kon tolk, het die gemeente besoek en die probleem gesien. Toe het hulle ’n gebaretaalklas begin. Rose was baie dankbaar. “Ek is bly dat ek soveel vriende het wat lief is vir my”, het sy gesê. Dit maak die egpaar wat haar gehelp het, baie bly om te sien hoe dankbaar sy is en dat sy nou aan die vergaderinge deelneem. Rose waardeer ook die feit dat ander gebaretaal geleer het sodat hulle met haar kan kommunikeer. – Hand 20:35.

“Die een wat danksegging as sy offerande bring, hy verheerlik [God].” – Ps 50:23.

Daar is ’n noue verband tussen ons gevoelens en ons gedagtes. Dawid het tot God gebid en gesê: “Ek het gepeins oor al U dade; ek het die werk van U hande graag oordink” (Ps 143:5). Ja, Dawid het diep nagedink oor wat God vir hom gedoen het. Hy het ’n dankbare gesindheid gehad omdat hy gereeld oor God se weë gepeins het, iets wat hy sy hele lewe lank gedoen het. – Ps 71:5, 17.

Die Bybel gee ons die volgende uitstekende raad: ‘Alles wat waar is, alles wat lieflik is, alles waarvan goed gepraat word, watter deug en watter lofwaardige saak daar ook al is – hou aan om hierdie dinge te bedink’ (Fil 4:8). Die woorde ‘hou aan om te bedink’ verwys weer eens na die feit dat ons gereeld moet peins, wat ons sal help om ’n dankbare gesindheid te hê.


GENESIS
Bybelstudie
Woensdag 09:00


Word deel van die gebedsspan!
Kontak Maggie – 082 652 9260
'N KERK WAT BID
Jakobus 5:13-20


21 Julie
TYDENS EREDIENS
kinderkerk


Koffie en Tee
In die saal na die diens


Charitas
Social Care
Rustenburg
Section 18A Tax Relief Available
No child left without care, no family left without hope.
"Support Our Cause – Act with Kindness.
Scan to Donate and Make a Difference."